



Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellstr Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137

Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819

e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

Omsendbrief 01/2019

10 Januarie 2019

Geagte ouers

Uit Die Hoof Se Kantoor

Baie welkom terug na 'n welverdiende vakansie. In besonder verwelkom ons alle nuwe leerders en hul ouers. Die skooljaar het volstroom begin met die akademiese program wat al vandag reeds in aanvang neem, asook die atletiek, tennis en kultuur wat volgende week sal begin. Hierdie jaar beloof om baie opwindend te wees met al die sport- en kultuuraktiwiteite wat op ons wag. Die skool, as vennoot in die opvoeding van u kind, sien met groot opgewondenheid uit na die uitdagings wat hierdie jaar ons gaan bied. Ons sien daarna uit om saam met u die skool se 50ste bestaansjaar te vier. Ons skool is bevoorreg om die dienste van 'n paar puik nuwe onderwysers te kon bekom.

- Me. Sylvia Krynauw in die Grondslagfase as graad R onderwyser;
- Me. Cora-Lize Greeff in die Grondslagfase as graad R onderwyser;
- Mnr. Jaco van der Walt in die Intersenfase as graad 4 onderwyser;
- Mnr. Riaan von Bentheim in die Intersenfase as graad 5 onderwyser;
- Mnr. Janco Pfister in die Intersenfase as onderwysassistent.

SKOOLVEILIGHEID EN TOEGANGSBEHEER:

Ons leerders se veiligheid is ons hoogste prioriteit en ons is genoodsaak om die toegang tot die skool beter te beheer. Die skooldag begin stiptelik om 7:30 vir leerders. Ons versoek u dus vriendelik om leerders nie laat by die skool te besorg nie, aangesien al die toegangshekke voortaan om 7:35 gesluit sal word en u daarna slegs die hoofhek in Vikingweg sal kan gebruik om toegang te verkry. Ons versoek u vriendelik om te alle tye die verkeersreëls te gehoorsaam selfs binne die skoolterrein en bedagsaam te wees teenoor ander padgebruikers. Indien daar 'n noodgeval is en u kind laat gaan wees, versoek ons u om die leerder persoonlik by hul onderwyser te besorg. Verder versoek ons u, as ouers, om aan die einde van die skooldag nie by die klasse of tussen die skoolgeboue vir u kind te wag nie. Dit bemoedlik die toegangsbeheer en ouers wat staan en gesels is soms steurend vir die onderwysers wat besig is met lesse. U is egter welkom om by die skoolhekke vir u kind te wag. Ek vra om verskoning vir enige ongerief wat hierdie reëlings vir u mag veroorsaak, maar ek is seker u sal verstaan dat die veiligheid van ons leerders en personeel ononderhandelbaar is.

KOMMUNIKASIE:

Die skool poog om die kommunikasie tussen skool en ouerhuis voortdurend te verbeter. Van die skool se kant af gebruik ons tans die telefoon (012 6541181), nuusbriewe, SMS-boodskappe, e-posboodskappe (kantoor@laerskoolswartkop.co.za) asook die webblad (<http://www.swartkop.co.za/>) om die inligting by u uit te kry. Ons beveel ook aan dat u van die skool kommunikeerder (D6 Communicator) gebruik sal maak. Hierdie kommunikasiemiddel stel die skool in staat om meer effektief met u te kommunikeer en dit bied u ook die geleentheid om op hoogte te bly van die bedrywighede by die skool. Hierdie toepassing "app" kan op u rekenaar of slimfoon, vanaf die internet, afgelaai word deur die volgende koppeling te volg (<http://d6technology.com/downloads.php>).

Die skool volg 'n oopdeur-beleid en u is dus welkom om enige tyd met my, of die personeel te skakel. Hou net in gedagte dat die onderwysers nie tydens skoolure of klastyd u kan sien nie. Dit is egter net meer gerieflik as u 'n afspraak maak. Ek versoek u egter om u eerder daarvan te weerhou om die sosiale media (Facebook ens.) te gebruik om griewe en klagtes te lig. Ons verkies om met ouers persoonlik in aanraking te kom en enige probleme of klagtes te bespreek om sodoende die volledige inligting te bekom. Ons vertrou dat u ook hiervoor begrip sal hê en dat hierdie veranderinge 'n positiewe uitwerking op die skoolkultuur tot gevolg sal hê.

Die voortgesette ondersteuning en belangstelling van u, as ouers, op die akademiese-, kulturele-, sport-, dissiplinêre- en geestelike terrein het reeds positiewe resultate in die leerders se prestasievlakke getoon. Ons vertrou dat u, as ouers, ons in hierdie verband sal bly ondersteun.

PROGRAM VIR DIE WEEK

14 – 18 Januarie 2019

Maandag, 14de - Dag 3

Gr 1 Individuele Foto's
Gr 2 & 3 Inligtingsaand 18:00

Dinsdag, 15de – Dag 4

Gr 4 – 6 Inligtingsaand 18:00

Woensdag, 16de – Dag 5

Gr 7 Inligtingsaand 18:00

Donderdag, 17de – Dag 6

Gr R en 1 Atletiek 17:00

Vrydag, 18de – Dag 1

Feesjaar Klaspartytjies

Finansies – Inbetalings in bankrekening

Dit is van kardinale belang dat die leerders se familiekode vir ALLE EFT inbetalings gebruik moet word. U moet ook saam met die familiekode aandui waarvoor betaling aangewend moet word bv. "1234 / Skoolgeld / Naskool / Snr Revue ens". Hierdie reëling verseker dat u geld teen die regte rekening en projek geallokeer word. Indien u onseker is van die familiekode, skakel gerus die kantoor om te bevestig.

Nuwe d6 Connect App

Ons versoek u asseblief om die d6 Connect App af te laai op u slimfoon sodat u al ons kommunikasie kan ontvang. Kontak ons asb indien u probleme ondervind om daarop te registreer.

Swarriedrag - Vrydag

Alle leerders begin vanaf Vrydag, 11 Januarie met Swarriedrag. Alle Graad 1 leerders het Swarriehemde ontvang en nuwe leerders het bewyse ontvang om Swarriehemde by Wierdapark uitrusters te gaan afhaal. Gr 2 – 7 leerders wat in 2018 in die skool was, wat nuwe hemde nodig moet asb by Wierdapark uitrusters gaan aankoop. Slegs Gr 1 en nuwe leerders vir 2019 ontvang gratis hemde. Leerders wat nie die korrekte Swarriedrag het nie, trek gewone skooldrag aan. NB GEEN hemde word by die skool se klerebank verkoop nie. Leerders dra 'n denim knie- of langbroek by die hempie, met tekkies of kaalvoete.

Swarrie Groete



MNR M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF